testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2017

## GRAAD 10

## REKENINGKUNDE

**PUNTE: 300**

**TYD: 180 minute**

**15 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**TYD: 180 minute**
**PUNTE: 300**

## INSTRUKSIES

1. Beantwoord alle vrae in die ANTWOORDBOEK voorsien.
2. Toon alle berekeninge waar nodig om deelpunte te verdien.
3. Lees alle instruksies noukeurig.
4. Probeer ten alle tye om by die voorgestelde tydsindeling te bly.
5. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| 1 | Transaksie ontleding | 44 | 26 min |
| 2 | Debiteure versoening | 40 | 24 min |
| 3 | Inkomstestaat en notas | 88 | 54 min |
| 4 | Nota 'Tasbare bates' | 38 | 22 min |
| 5 | Balansstaat | 30 | 18 min |
| 6 | Ontleding en vertolking | 40 | 24 min |
| 7 | BTW, Vervaardiging en Begroting | 20 | 12 min |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 min** |

**VRAAG 1** **44 PUNTE**

**TRANSAKSIE ONTLEDING**

**GEVRA:**

Ontleed die volgende transaksies onder die hoofde voorsien. Dui ŉ vermeerdering met ŉ '+', ŉ vermindering met ŉ '-' en geen invloed met ŉ '0'. Bedrae moet aangetoon word by die rekeningkundige vergelyking.
Die besigheid het ŉ gunstige banksaldo en gebruik ŉ winsgrens van 80% op kosprys.

**TRANSAKSIES:**

Voorbeeld: Koop skryfbehoeftes op skuld vanaf ZZ Skryfbehoeftes, R500.

1. Betaal die weeklikse lone per tjek, R2 400.

2. Koop handelsvoorraad vir R380 en betaal uit die kleinkas.

3. Verkoop goedere op skuld aan L Molala, R2 700.

4. Koop toerusting op rekening vanaf Sally Handelaars vir R10 800 minus 15% handelskorting.

5. Hef rente van 5% per jaar op A Mahlangu se oortrokke rekening van R4 200 vir 4 maande.

6. Ontvang R1 800 vanaf M Radue op sy bedrag verskuldig, staan R30 korting toe.

**VRAAG 2** **40 PUNTE**

**DEBITEURE VERSOENING**

**GEVRA:**

2.1 Berei ŉ korrekte Debiteure kontrole rekening vir September 2017 voor deur inagneming van foute en weglatings. Balanseer die rekening. [19]

2.2 Berei ŉ korrekte lys van debiteure voor op 30 September 2017. [21]

**Nota:** Toon alle berekeninge in hakies.

**INLIGTING:**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SOHO HANDELAARS**

**BALANSSTAAT REKENINGE AFDELING**

Dt **DEBITEUREKONTROLE** Kt

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sep | 01 | Saldo | a/b | 21 370 | 00 | Sep | 30 | Bank en K/T | KOJ | 24 380 | 00 |
| | 30 | Verkope | DJ | 31 920 | 00 | | | Joernaal krediete | AJ | 580 | 00 |
| | | Debiteure-afslag | DAJ | 980 | 00 | | | Bank (V/T) | KBJ | 600 | 00 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 820 | 00 | | | Saldo | o/d | 29 530 | 00 |
| | | | | **55 090** | **00** | | | | | **55 090** | **00** |
| Okt | 01 | Saldo | a/b | 29 530 | 00 | | | | | | |

**Nota:** **Die boekhouer het sekere oorboekingsfoute gemaak na die Debiteurekontrole rekening**

**Lys van Debiteure op 30 September 2017**

| Debiteur | Debiet | | Krediet | |
|---|---|---|---|---|
| S Cronje | 6 500 | 00 | | |
| P Diane | 7 480 | 00 | | |
| G Tloubatla | 5 340 | 00 | | |
| M Shumi | 1 890 | 00 | | |
| R Coetzee | 6 760 | 00 | | |
| P Moila | | | 800 | 00 |
| T Kgaka | 1 800 | 00 | | |
| | 29 770 | 00 | 800 | 00 |

**Foute en weglatings**

1. Die saldo van die Debiteurekontrole rekening op 01 September 2017 is foutief. Die lys van Debiteure toon ŉ kredietsaldo van R530, wat nie in berekening gebring is toe die opening saldo bereken is nie.

2. ŉ Kwitansie uitgereik aan M Shumi vir R980 vir kontant ontvang was korrek geboekstaaf in die hulpjoernaal, maar is na haar rekening as R890 oorgeboek.

3. Die totaal van die Debiteure-afslagkolom in die Debiteure-afslagjoernaal was onderbereken met R160.

4. ŉ Inskrywing in verband met goedere teruggestuur deur T Kgaka met ŉ waarde van R300 was korrek geboekstaaf in die Debiteure-afslagjoernaal maar oorgeboek na die verkeerde kant van T Kgaka se rekening.

5. Die Debiteure grootboek toon ŉ kredietsaldo in die rekening van P Moila, die bedrag moet oorgedra word na die Krediteure grootboek.

6. Op 28 September 2017 is R120 posgeld betaal uit die kleinkas namens ŉ debiteur G Tloubatla. Geen inskrywings is in die boeke gedoen nie.

7. P Diane het R3 800 betaal op haar rekening nadat sy 5% korting ontvang het. Die betaling en korting is korrek geboekstaaf in die hulpboek maar die korting is nie oorgeboek na haar rekening nie.

**VRAAG 3** **PUNTE: 88**

**INKOMSTESTAAT EN NOTAS**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Samantha Verspreiders.
Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2017.

**GEVRA:**

3.1 Voltooi die Inkomstestaat van Samantha Verspreiders vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. [65]

3.2 Voltooi die volgende Notas tot die Finansiële State:

3.2.1 Handels- en ander debiteure [11]

3.2.2 Handels- en ander krediteure [12]

**INLIGTING:**

| SAMANTHA VERSPREIDERS | | |
|---|---|---|
| **VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2017** | | |
| | **DEBIET** | **KREDIET** |
| **BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING** | | |
| Kapitaal | | 784 490 |
| Onttrekkings | 58 000 | |
| Verbandlening : FBN Bank | | 100 000 |
| Grond en Geboue | 910 000 | |
| Toerusting | 140 000 | |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | | 52 000 |
| Vaste Deposito : FBN Bank ( 10% p. j. ) | 20 000 | |
| Handelsvoorraad | 16 300 | |
| Debiteurekontrole | 20 720 | |
| Bank | 55 500 | |
| Krediteurekontrole | | 45 000 |
| **NOMINALEREKENINGE-AFDELING** | | |
| Verkope | | 875 000 |
| Koste van verkope | 500 000 | |
| Debiteure-afslag | 12 600 | |
| Korting ontvang | | 9 280 |
| Huur Inkomste | | 37 570 |
| Korting Toegestaan | 800 | |
| Salarisse en lone | 96 750 | |
| Oninbare skulde | 5 200 | |
| Bankkoste | 1 210 | |
| Versekering | 9 800 | |
| Telefoon | 12 560 | |
| Skryfbehoeftes | 10 800 | |
| Diverse uitgawes | 5 400 | |
| Water en Elektrisiteit | 14 200 | |
| Rente op lening | 13 500 | |
| | **1 903 340** | **1 903 340** |

**AANSUIWERINGS**

1 ʼn Kredietnota is uitgereik aan M. Shaba, ʼn debiteur vir R1 500, dit was vir goedere teruggestuur. Die kosprys van die goedere was R1 200. Geen inskrywing is gedoen nie.

2 Donasies van goedere aan ʼn ouetehuis is nog nie geboekstaaf nie, die kosprys is R3 000.

3 ʼn Fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2017 toon die volgende:

- Handelsvoorraad R12 000
- Skryfbehoeftes R800

4 ʼn Debiteur, C Clutz, is insolvent verklaar. Sy boedel het aangebied om ʼn dividend van 40 sent vir elke rand verskuldig te betaal. Die oorspronklike skuld was R1 200, en die balans moet afgeskryf word. Geen inskrywings is in die boeke gedoen nie.

5 Versekering sluit ʼn bedrag van R1 800 in, dit is vir ʼn jaarlikse betaling vir die periode 01 Augustus 2016 tot 31 Julie 2017.

6 Waardevermindering vir die jaar is bereken op R3 400.

7 Voorsien vir die uitstaande rente op Vaste Deposito, die rente word nie gekapitaliseer nie.

8 Huur is ontvang tot aan die einde van Maart 2017.

9 ʼn Debiteur, S Fouche, het R850 in die besigheid se bankrekening gedeponeer. Die debiteur se rekening is vroeër afgeskryf as oninbaar.

10 Die bankstaat ontvang vanaf die bank op 28 Februarie 2017 toon die volgende:

| | |
|---|---|
| • Diensgelde | R 40 |
| • Konant deposito fooie | R 200 |
| • Rente op lopende rekening | R150 |
| • ʼn Dishonoreerde tjek vanaf B. Lobbie, ʼn debiteur vir R1 200. Hierdie tjek was ter vereffening van sy rekening van R1 280. | |

11 Die telefoonrekening vir Februarie 2017 is ontvang maar sal eers in Maart 2017 betaal word, R1 000.

12 Een werknemer is weggelaat uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2017. Sy besonderhede is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bruto salaris** | R10 000 | | |
| **AFTREKKINGS**: | | | |
| LBS | R1 800 | Mediese fonds | R 720 |
| Pensioenfonds | 7.5% van bruto salaris | WVF | 1% van bruto salaris |

**Nota: Die werkgewer dra nie by tot enige fonds nie.**

**VRAAG 4** **PUNTE 38**

**TASBARE BATES**

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Mickey Speelgoed Winkel vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2017.

**GEVRA:**

4.1 Bereken die waardevermindering op voertuie op 30 Junie 2017. [5]

4.2 Bereken die waardevermindering op toerusting op 30 Junie 2017. [5]

4.3 Voltooi die nota Tasbare/vaste bates op 30 Junie 2017. [20]

4.4 Nadat uitbreidings en herstelwerk aan die geboue gedoen is, is die grond en geboue gewaardeer vir R500 000.

4.4.1 Dui die bedrag aan wat in die finansiële state op 30 Junie 2017 sal verskyn. [2]

4.4.2 Noem die AARP beginsel wat toegepas is in Vraag 4.4.1 [2]

4.5 Nadat die finansiële state opgestel is, is daar gevind dat brandstof uitgawes met 80% verhoog het vanaf die vorige jaar. Die bestuurder wat aflewerings doen, neem die voertuig huistoe na werk. Noem **TWEE** interne kontrole maatreëls wat die eienaar in plek kan stel om die misbruik van die voertuig deur die drywer te verminder. [4]

**INLIGTING:**

A Sommige saldo's op 01 Julie 2016 in die Algemene Grootboek:

| | R |
|---|---|
| Grond en geboue | 240 000 |
| Voertuie | 190 000 |
| Toerusting | 56 000 |
| Opgelope waardevermindering op voertuie | 28 500 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | 5 600 |

B Die volgende transaksies met betrekking tot vaste bates het gedurende die jaar plaasgevind:

- Uitbreidings is aan die winkel gedoen ter waarde van R50 000 en herstelwerk aan die gebou, R15 000. AB Bouers is op 15 Januarie 2017 per tjek betaal en die transaksie is opgeskryf in die boeke van die besigheid.
- Die besigheid het rekenaars en drukkers vir kantoorgebruik gekoop ter waarde van R28 000 op 01 Maart 2017, installasiekoste van R2 000 is per tjek betaal.
- ŉ Nuwe voertuig is aangekoop op skuld vanaf AA Motors op 1 Oktober 2016 vir R160 000 en is geboekstaaf in die boeke.
- Waardevermindering word afgeskryf op voertuie teen 15% per jaar op kosprys en toerusting teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode.

**VRAAG 5** **PUNTE 30**

**BALANSSTAAT**

Jy word voorsien met die Na-afsluitings Proefbalans en addisionele inligting aangaande Livingstone Verskaffers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

**GEVRA:**

5.1 Voltooi die Balansstaat van Livingstone Verskaffers op 28 Februarie 2017. Toon berekeninge om deelpunte te verdien.

**INLIGTING:**

| **LIVINGSTONE VERSKAFFERS** | | |
|---|---|---|
| **NA-AFSLUITINGS PROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2017** | | |
| | **DEBIET** | **KREDIET** |
| **BALANSSTAATREKENINGE- AFDELING** | | |
| Kapitaal | | 630 800 |
| Grond en Geboue | 680 000 | |
| Voertuie | 340 000 | |
| Toerusting | 78 000 | |
| Opgelope waardevermindering op voertuie | | 136 000 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | | 14 820 |
| Handelsvoorraad | 72 400 | |
| Debiteurekontrole | 14 800 | |
| Bank | 34 100 | |
| Kleinkas | 2 500 | |
| Wisselgeld | 1 000 | |
| Krediteurekontrole | | 48 900 |
| Vaste Deposito: AB Bank | 60 000 | |
| Lening: SA Lenings | | 440 000 |
| Verbruiksgoedere voorhande | 2 820 | |
| Opgelope inkomste | 3 400 | |
| Opgelope uitgawes | | 4 100 |
| Vooruitontvangde inkomste | | 6 000 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 3 900 | |
| Krediteure vir salarisse | | 12 300 |
| | **1 292 920** | **1 292 920** |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. ʼn Gedeelte van die vaste deposito by AB Bank verval op 30 Junie 2017, R25 000.

2. R100 800 sal terugbetaal word op die lening vanaf SA Bank in die volgende finansiële jaar. Die lening is gekapitaliseer.

**VRAAG 6**

**KONSEPTE EN ONTLEDING EN VERTOLKING** **40 PUNTE**

6.1 **KONSEPTE**

Die onderstaande inligting is foutief, gebruik die voorsiende tabel en her-klassifiseer. [6]

| **Likiditeit** | **Winsgewendheid** | **Opbrengs** |
| --- | --- | --- |
| Netto wins op verkope | Vuurproefverhouding | Bedryfsverhouding |
| Bedryfsuitgawes op verkope | Opbrengs op ekwiteit | Bruto wins op verkope |

6.2 **ONTLEDING EN VERTOLKING**

Jy word voorsien van inligting vanaf die finansiële state van Jeremy Jones, ʼn handelsonderneming vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. [34]

**GEVRA:**

6.2.1 Bereken die winsopslag % vir 2017. [3]

6.2.2 Lewer kommentaar oor die verandering van die winsopslag persentasie. [2]

6.2.3 Bereken die % Bedryfsuitgawes op verkope vir 2017. [3]

6.2.4 Behoort die eienaar tevrede te wees met die % bedryfsuitgawes op verkope? [3]

6.2.5 Bereken die solvensieverhouding vir 2017. [4]

6.2.6 Bereken die bedryfsverhouding vir 2017. [3]

6.2.7 Bereken die vuurproefverhouding vir 2017. [4]

6.2.8 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die besigheid. [4]

6.2.9 Bereken die % Opbrengs op Ekwiteit vir 2017. [5]

6.2.10 Lewer kommentaar oor die opbrengs op ekwiteit. Moet die eienaar tevrede wees? [3]

**INLIGTING**

| A | UITTREKSEL VANAF INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017 | |
|---|---|---|
| | **2017** | **2016** |
| Verkope | 1 485 000 | 1 150 000 |
| Koste van verkope | (900 000) | (675 000) |
| **BRUTO WINS** | 585 000 | 475 000 |
| Ander bedryfsinkomste | 90 000 | 100 000 |
| Bedryfsuitgawes | (440 000) | (420 000) |
| Bedryfswins | 235 000 | 155 000 |
| Rente uitgawe | (36 400) | (45 600) |
| Netto wins | 198 600 | 109 400 |

| B | UITTREKSEL VANAF BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2017 | |
|---|---|---|
| | **2017** | **2016** |
| Vaste bates | 1 015 600 | 1 169 000 |
| Vaste Deposito | 100 000 | 60 000 |
| **Bedryfsbates** | **237 000** | **237 000** |
| Handelsvoorraad | 140 000 | 160 000 |
| Handels- en ander debiteure | 62 000 | 35 000 |
| Kontant- en kontantekwivalente | 35 000 | 42 000 |
| | 1 352 600 | 1 352 600 |
| Eienaarsbelang | 1 010 600 | 902 000 |
| Nie-bedryfslaste | 180 000 | 380 000 |
| Handels- en ander krediteure | 162 000 | 184 000 |
| | 1 352 600 | 1 352 600 |

| C Finansiële aanwysers | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| Persentasie winsopslag | ? | 70.4% |
| Persentasie bedryfsuitgawes op verkope | ? | 36.5% |
| Bedryfsverhouding | ? | 1.3:1 |
| Vuurproefverhouding | ? | 0.4:1 |
| Opbrengs op ekwiteit | ? | 13.2% |
| Rentekoers op belegging | 11% | 10% |
| Rentekoers op lening | 13.5% | 12% |

**VRAAG 7** **20 PUNTE**

**BTW, VERVAARDIGING EN BEGROTINGS**

7.1 **BTW**

Kies die korrekte woord / bedrag / persentasie om die onderstaande sinne te voltooi. Skryf slegs die korrekte antwoord neer en nie die hele sin nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| R500 000 | Direkte | Uitset | 0% |
| Indirekte | 14% | SAID | Nulkoers |
| Inset | Vrygestel | R1 000 000 | |

7.1.1 BTW is ŉ _______________ stelsel van belasting.

7.1.2 In Suid-Afrika is die standaardkoers vir BTW huidiglik ________ .

7.1.3 BTW betaalbaar op Verkope word genoem BTW _____________ .

7.1.4 Bruin brood is ŉ voorbeeld van ŉ item wat ___________ is.

7.1.5 Items waarop BTW huidiglik nie belas word nie, staan bekend as __________ items.

7.1.6 BTW wat vorderbaar is op aankope word BTW ________ genoem.

7.1.7 ŉ Besigheid met ŉ omset van ________ of meer per jaar moet registreer as a BTW verkoper.

7.1.8 BTW is betaalbaar aan ________. **[8]**

7.2 **VERVAARDIGING**

Paar Kolom A met Kolom B. Skryf slegs die korrekte letter as jou antwoord.

| KOLOM A | | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 7.2.1 | Vaste Koste | A | Koste wat direk geïdentifiseer word met produksie. |
| 7.2.2 | Werk aan die gang | B | Koste wat aangegaan word om die fabriek te laat funksioneer. |
| 7.2.3 | Fabrieksbokoste | C | Koste van arbeid van mense wat direk betrokke is in die vervaardigingsproses. |
| 7.2.4 | Direkte Materiaalkoste | D | Gedeeltelike voltooide produkte. |
| 7.2.5 | Veranderlike koste | E | Koste wat dieselfde bly maak nie saak hoeveel eenhede vervaardig word nie. |
| 7.2.6 | Direkte Arbeidskoste | F | Koste wat verander volgens produksie. |

[6]

7.3 **BEGROTINGS**

Lees die volgende sinne noukeurig. Dui aan deur verwysing na die onderstreepte inligting of die standpunte **WAAR** of **ONWAAR** is.

7.3.1 ʼn Kapitaalbegroting fokus op vaste bates.

7.3.2 ʼn Begroting is ʼn plan van aksie vir die huidige periode.

7.3.3 ʼn Kontantbegroting sluit oninbare skulde in.

7.3.4 ʼn Begroting wat voorberei word sonder om na vorige syfers te kyk, word ʼn nulbasisbegroting genoem genoem.

7.3.5 Langtermyn begrotings word voltooi vir ʼn periode tussen 3 en 12 maande.

7.3.6 ʼn Kontantbegroting bereken die kontant invloei in die besigheid en kontant uitvloei uit die besigheid oor ʼn spesifieke periode. **[6]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**